## 26 Januarie — Josua 2

### *God bring ook vervloektes en prostitute tot geloof*

Geloofsversterking kom soms uit die mees onverwagte oord.

God het beloof dat hy die land aan Israel sou gee. Tog besluit hulle dat verkenners eers moet gaan kyk. Die spioene op hulle beurt het klaarblyklik besluit dat die beste manier om 'n plek deur te kyk 'n besoek aan 'n bordeel is!

En dan kry ons die verrassende! Die geloofsbelydenis wat Israel tot geloofsaksie laat oorgaan kom uit die mond van die prostituut. Haar geloofsbelydenis is so sterk en oortuigend, dat die spioene nie anders kan as om elke woord te glo en dit met oortuiging te gaan terugrapporteer nie. Sy sien die onsienlike met soveel sekerheid dat Israel dit ook deur haar oë begin sien. Sy gaan self ook oor tot geloofsaksie. Sy beroep haar op die genade van God en daarby word haar eertydse uithangbord (die rooi tou) nou omskep in 'n teken van haar geloofsvertroue in God. Uiteindelik word hierdie prostituut uit die geslag van Kanaän, die vervloekte seun van Gam, deur God se genade deel van die geslagslinie van Jesus Christus.

Vandag nog beskaam God soms sy kerk deur die geloofsgetuienis van uitverkorenes uit groeperinge wat die kerk gewantrou en in sending liewer verby wou gaan!

Sing: Psalm 130:2

Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)